

*Afrikaanse Christen Kerk Waikato*

# 'N LEWE VAN GEBED



# IS 'N LEWE VOL KRAG!

**Preek-Hoofpunte**

**&**

**Bybelstudie Besprekings**

***7 Studies***

*Die preek-opnames kan gekyk word op die gemeente se  
YouTube-kanaal: ACK Waikato Church*



## Inhoudsopgawe

<b>1. Gebed is 'n voorreg en verantwoordelikheid.</b>	<b>4</b>
<b>2. Hoe bid ons vir gelowiges in 'n wêreld vol boosheid?</b>	<b>9</b>
<b>3. Gebed as kragtige wapen vir bediening.</b>	<b>14</b>
<b>4. Gebed vir geestelike groei.</b>	<b>19</b>
<b>5. Hoe bid ons sodat ons God se krag sal ken?</b>	<b>24</b>
<b>6. Hoe bid ons sodat ons God se liefde sal ken?</b>	<b>29</b>
<b>7. Gebed om eenheid: Jesus se gebed.</b>	<b>34</b>

---

# 1. Gebed is 'n voorreg en verantwoordelikheid.

---

**Skriflesing:** Hebreërs 4:15-16, 19-25

## **Hebreërs 4:15-16** (83' Vertaling)

*<sup>14</sup>Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. <sup>15</sup>Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. <sup>16</sup>Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*

## **Hebreërs 10:19-25** (83' Vertaling)

*<sup>19</sup>Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, <sup>20</sup>en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. <sup>21</sup>En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, <sup>22</sup>laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. <sup>23</sup>Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. <sup>24</sup>Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. <sup>25</sup>Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

<b>Gebed is 'n voorreg.</b>
-----------------------------

**Ps 27:4** “Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.”

Gebed is 'n voorreg omdat toegang tot God in die Ou-Testament baie beperk was: Net die hoëpriester, net eenmaal 'n jaar het die voorreg gehad om die Heiligdom van God binne te gaan!

Ons het die voorreg om enige tyd met vrymoedigheid tot die hemelse Heiligdom te nader in gebed!

Hierdie voorreg het ons verkry **deur Jesus Christus**, die **volmaakte hoëpriester!**

**In watter opsigte is Jesus se Hoëpriesterskap volmaak?**

### **1. Jesus se amp as ons Hoëpriester is ewig.**

**Heb 7:24** “Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy 'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgedra word nie.”

**Sleutel:** Die priesterskap van die ou-testament was tydelik. Jesus s'n is vir altyd!

### **2. Jesus tree vir ons by God in.**

**Heb 5:1** “Elke hoëpriester is 'n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sondes te bring.”

**Heb 7:25** “Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.”

**Rom 8:34** “Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons!”

**Sleutel:** Jesus pleit vir ons by God dat Hy ons alles sal verskaf wat ons nodig het om 'n lewe te leef wat Hom behaag.

### **3. Jesus se offer is 'n volmaakte offer.**

**Heb 10:2** “As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring”.

**Sleutel:** Jesus het homself eens en vir altyd geoffer om vir ons toegang te verkry tot reg in die hart van God in!

#### **4. Jesus kan medelye hê met ons swakhede**

**Heb 4:15** *“Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.”*

**Sleutel:** Ons aanbid nie ‘n onpersoonlike God nie. Ons aanbid ‘n God wat ten volle in ons menswees gedeel het om met ons medelye te kan hê.

**Jesus se doel en passie as ons hoëpriester is om ons by God uit te bring!**

Gebed is ‘n verantwoordelikheid.

#### **A. Ons moet tyd maak vir gebed.**

**Heb 10:22** *“laat ons tot God nader...”*

**Sleutel:** Om ‘n goeie verhouding te bou moet jy tyd belê in daardie verhouding.

#### **B. Ons moet leer hoe om te bid.**

**Heb 10:22** laat ons tot God nader met ‘n opregte hart en volle geloofsekerheid.

#### **B1. Opregte hart.**

**Ps.24:3-4** *“Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in sy heiligdom gaan staan? Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is,”*

**Heb 10:22** *“Ons harte is immers gereinig van ‘n skuldige gewete.”*

## **B2. Volle geloofsekerheid.**

**Heb 11:6** “*Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hie die wat Hom soek beloon.*”

**Sleutel:** God wil hê ons moet Hom vertrou dat Hy ons sal verhoor en beloon op die basis van dit wat Jesus vir ons gedoen het!

## **C. Ons moet leer wat om te bid.**

**Heb 4:16** “*Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*”

**Sleutel:** God wil hê ons moet ons behoeftes na Hom toe bring. Hy wil vir ons voorsien en Sy genade gee!

## **Kleingroep Besprekingsvrae Week 1**

1. Verwelkom almal, maak seker almal ken mekaar en is gemaklik (gee geleentheid vir mense om vinnig te deel hoe dit met elkeen gaan).
2. Open met gebed.
3. **Lees:** Heb 4:15-16, Heb 10:19-25
4. **Bespreek:** “Wat het vir jou uitgestaan in die lees van die Skrif en die preek op Sondag?”
5. **Bespreek:** In watter opsigte sien jy gebed as ‘n voorreg en in watter opsigte sien jy gebed as ‘n verantwoordelikheid? As jy die vrymoedigheid het, deel van jou vreugdes en frustrasies in gebed...

## 6. Gebed is 'n voorreg omdat Jesus ons hoëpriester is!

**6.1 Punt 1+2:** Jesus as ons ewige priester tree vir ons by God in.

**Lees:** Heb 7:23-25, Rom 8:34

**Bespreek:** Hoe beïnvloed die wete jou lewe dat nie net jy tot God deur Jesus bid nie, maar dat Jesus vir jou tot God bid?

**6.2 Punt 3:** Jesus se offer is 'n volmaakte offer

**Lees:** Heb 10:1-10, Heb 10:19-20

**Bespreek:** In watter opsigte is Jesus se offer beter as die offers wat in die Ou-Testament gebring was? Hoe word die offer die basis vir ons gebedslewe?

**6.4 Punt 4:** Jesus kan met ons medelye hê

**Lees:** Heb 4:15, Heb 5:1-2

**Bespreek:** Hoe het die hoëpriesters in die Ou-Testament medelye gehad met die mense? Hoe het Jesus medelye met die mens? Watter impak het dit op hoe ons tot Hom nader?

7. Gebed is 'n **voorreg** (Heb 10:19) maar gebed is ook 'n **verantwoordelikheid** (Heb 10:22).

Lees weer deur die aspekte (sien preek nota) oor hoekom gebed 'n verantwoordelikheid is en bespreek watter van die prinsiepe jy die week gaan toepas in jou gebedslewe.

8. **Bid** vir mekaar (2-2 of 3-3).



---

## 2. Hoe bid ons vir gelowiges in 'n wêreld vol boosheid?

---

**Skriflesing:** 2 Tessalonisense 1:1-12 (NLV)

<sup>1</sup>Hierdie brief kom van Paulus, Silvanus en Timoteus. Ons skryf aan die gemeente in Tessalonika wat aan God ons Vader en die Here Jesus Christus verbonde is. <sup>2</sup>Mag die genade en vrede van God ons Vader en van die Here Jesus Christus met julle wees. <sup>3</sup>Broers en susters, dit is gepas dat ons altyd vir God dankie sal sê vir julle, want julle geloof hou net aan groei en julle almal se liefde vir mekaar word net groter! <sup>4</sup>Gevolgtlik vertel ons self met trots in God se gemeentes hoe julle volhard en glo onder al die vervolging en swaarkry wat julle verduur. <sup>5</sup>God sal die dinge wat julle deurmaak, gebruik om te wys dat Hy regverdig oordeel. Dit sal daarop uitloop dat julle waardig beskou sal word om in God se koningsheerskappy te deel. Dit is hiervoor dat julle ly. <sup>6</sup>God is inderdaad regverdig: Hy sal julle verdrukkers met verdrukking terugbetaal. <sup>7</sup>Hy sal rus gee aan julle wat verdruk word – en ook aan ons. Dit sal gebeur wanneer die Here Jesus met sy magtige engele vanuit die hemel verskyn. <sup>8</sup>In 'n vlammeende vuur sal Hy die mense straf wat God nie ken nie; dit is hulle wat hulle nie gesteur het aan die Goeie Nuus van ons Here Jesus nie. <sup>9</sup>Hulle sal met ewige vernietiging gestraf word, weg van die Here se teenwoordigheid en sy heerlike mag af. <sup>10</sup>Op daardie dag kom Hy om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort en om bewonder te word deur almal wat tot geloof gekom het – ook deur julle, want julle het ons getuienis geglo! <sup>11</sup>Met dit in gedagte bid ons altyd vir julle. Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het. Mag Hy elke goeie voorneme en geloofsdaad met krag tot volkome uitvoering bring. <sup>12</sup>So sal die Naam van ons Here Jesus verheerlik word deur wat julle doen. En julle sal deur Hom verheerlik word op grond van die genade van ons God en die Here Jesus Christus.

Paulus begin deur vir God dankie te sê.

- a. Dat hulle “geloof aan hou groei”.
- b. Dat “julle almal se liefde vir mekaar net groter word”.
- c. Oor “hoe hulle volhard en glo onder al die vervolging en swaarkry wat hulle verduur.”

Die grondslag en raamwerk vir Paulus se gebed, is die genadewerk wat God besig is om in die gemeente en gelowiges se lewens te doen!

Die **omstandighede** waarin die gelowiges geleef het - Lyding.

---

Twee dinge wat belangrik is vir gelowiges wat swaarkry en vervolgd word:

---

i. **God sien raak** en God sal die onreg nie vir ewig ongestraf laat nie!

*v.6: “God is inderdaad regverdig: Hy sal julle verdrukkers met verdrukking terugbetaal.”*

*v.7: “Hy sal rus gee aan julle wat verdruk word – en ook aan ons. Dit sal gebeur wanneer die Here Jesus met sy magtige engele vanuit die hemel verskyn.”*

ii. **Lyding in die lewe van gelowiges is nooit sinloos nie.**

*v.5: “God sal die dinge wat julle deurmaak, gebruik om te wys dat Hy regverdig oordeel. Dit sal daarop uitloop dat julle waardig beskou sal word om in God se koningsheerskappy te deel. Dit is hiervoor dat julle ly.”*

*v.10: “Op daardie dag kom Hy om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort en om bewonder te word deur almal wat tot geloof gekom het – ook deur julle, want julle het ons getuienis geglo!”*

Paulus se gebed: (**verse 11-12**) “<sup>11</sup>Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het. Mag Hy elke goeie voorneme en geloofsdaad met krag tot volkome uitvoering bring. <sup>12</sup>So sal die Naam van ons Here Jesus verheerlik word deur wat julle doen. En julle sal deur Hom verheerlik word op grond van die genade van ons God en die Here Jesus Christus.”

a. Dat God hulle **waardig sal maak** van die lewe waartoe Hy hulle geroep het!

**Ef 4:1** “Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.”

b. Dat **God deur Sy krag** “elke goeie voorneme en geloofsdaad met krag tot volkome uitvoering bring”.

**Ps 127** “As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs.”

**Die DOEL van hierdie gebed?**

(**v.12**) “So sal die Naam van ons Here Jesus verheerlik word deur wat julle doen. En julle sal deur Hom verheerlik word op grond van die genade van ons God en die Here Jesus Christus.”

i. Dit gaan oor **God se eer!**

ii. Die gelowiges sal ook deur God **verheerlik word!**

Alles alleen moontlik uit en deur **GENADE** van God in Jesus Christus

## Kleingroep Besprekingsvrae Week 2

1. Heet almal welkom, maak seker almal ken mekaar.

2. Open met 'n GEBED

3. Sê: “Ons is besig met 'n reeks oor **GEBED**.

Die tema is: “'n Lewe van Gebed is 'n Lewe vol krag!”.

Ons gaan kyk na verskillende gebede wat Paulus vir gemeentes en gelowiges gebid het en wat ons daaruit kan leer.

Hierdie week kyk ons na Paulus se gebed vir die Christene in Tessalonika wat opgeteken is in **2 Tess 1:3-12**.

4. Gee geleentheid vir groeplede om **terugvoering** te gee of verlede week se boodskap en studie enige verandering in hul (gebeds-)lewe gebring het.

5. **Lees** hardop (of iemand lees dit) **2 Tess 1: 1-12**.

6. **Vra:** “*Wat het jou getref toe jy hierdie gedeelte gelees het of na Sondag se preek geluister het?*”

Gee geleentheid vir terugvoer en bespreking.

7a. Waarvoor sê **Paulus** alles **DANKIE** aan God in hierdie gedeelte?

b. Waarvoor sê **ons** gewoonlik die meeste **DANKIE** in ons gebede?

8. Waarvoor kan jy spesifiek vir God **dankie sê** oor wat Hy besig is om te doen (**tekens van Sy genade** wat jy sien) in jou eie lewe, en in die lewens van jou familie en/of die gemeente? Dink hieroor en deel met mekaar?

9a. Hoe dink, praat en bid Paulus oor die **onregverdige swaarkry** wat die Christene ervaar het?

b. Wat is die belangrikste **perspektiewe** wat ons moet onthou wanneer ons, en ander christene, lyding en swaarkry ervaar? (2 dinge in **verse 5-9**) Wat beteken dit vir **JOU** prakties?

10a. **Lees** weer **vers 11**. Verduidelik in jou eie woorde wat die **TWEE dinge** is waarvoor Paulus bid in vers 11.

b. Kan/wil jy dit bid vir **jou** gesin, familie, gemeente?

c. Wat is die **praktiese implikasies** as jy hierdie 2 dinge spesifiek vir jou gesin en gemeente bid?

11a. Wat dink jy was Paulus se **hoof-DOEL** met hierdie gebed?

b. Wat sê dit oor die **DOEL** van ons gebede?

12. Gee geleentheid vir **enige ander vrae of bespreking**.

13. Gee geleentheid om in **groepies** van 2 of 3 vir mekaar, vir ons gesinne en gemeente te **bid**.

Kyk na wat jy by punt 8 geantwoord het en maak dit deel van jou gebed!

**“Gebed gaan ten diepste oor ‘n persoonlike verhouding met God. Dit is ‘n openhartige gesprek met jou hemelse Pappa.”**

---

### 3. Gebed as kragtige wapen vir bediening!

---

**Skriflesing:** Romeine 15:30-33 (2020 Vertaling)

Die krag van ons geestelike lewe, bediening lê in gebed.  
Die gebede van Paulus toon deurlopende temas.

*Kol. 3:1-2 “<sup>1</sup>Aangesien julle saam met Christus tot ’n nuwe lewe opgewek is, streef na die dinge wat daarbo by Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. <sup>2</sup>Laat julle gedagtes beheer word deur die hemelse dinge, nie deur dinge op die aarde nie.”*

**Gebed** gaan oor ’n **persoonlike verhouding** met my hemelse Vader.

Hier lees ons ’n besondere gebed van Paulus, vir homself en spesifiek sy bediening bid en die gelowiges vra om saam met en vir hom te bid. Gebed is ’n kragtige wapen in die bediening en in die redding van mense.

**Skriflesing: Rom. 15: 23-33** (2020 Afrikaanse vertaling)

*<sup>23</sup>Maar noudat ek nie meer plek in hierdie streke het nie, en reeds vir baie jare die begeerte het om by julle uit te kom, sal ek dit doen <sup>24</sup>wanneer ek na Spanje onderweg is. Want ek hoop om julle op my deurreis te sien, en dan deur julle daarheen voortgehelp te word, as ek eers vir ’n tydjie die samesyn met julle geniet het.*

*<sup>25</sup>Maar nou is ek vir eers op pad na Jerusalem in diens van die heiliges.*

*<sup>26</sup>Macedonië en Agaje het dit naamlik goedgevind om ’n bydrae te maak vir die armes onder die heiliges in Jerusalem. <sup>27</sup>Hulle het dit goedgevind, en was dit bowendien aan die heiliges verskuldig. As die heidene in hulle geestelike seëninge gedeel het, is dit tog ook aan die heiliges in Jerusalem verskuldig om hulle met*

*materiële seëninge te bedien. <sup>28</sup>As ek dit dan afgehandel en die opbrengs veilig aan hulle besorg het, sal ek by julle langs na Spanje reis.*

*<sup>29</sup>En ek weet dat wanneer ek na julle kom, dit sal wees met die volle seën van Christus. <sup>30</sup>Ek smeek julle dan dringend, broers, by ons Here Jesus Christus en die liefde van die Gees, om deur julle gebede tot God saam te stry vir my, <sup>31</sup>sodat ek gered sal word van die ongelowiges in Judea, en dat my diens aan Jerusalem vir die heiliges daar aanvaarbaar sal wees. <sup>32</sup>So sal ek dan, as dit God se wil is, met blydskap na julle kom en by julle verfris word.*

*<sup>33</sup>Mag die God van vrede met julle almal wees. Amen.*

Paulus versoek die gelowiges by verskeie geleenthede om vir hom en spesifiek vir sy bediening te bid!

(Onder andere: Ef 6:12, 18-20; 1 Tess 5: 23-25; 2 Kor 1:8-11).

**4 belangrike aspekte** wat in hierdie gebed na vore kom:

**1. Vir Paulus was hierdie gebed 'n saak van dodelike erns!**

**“dringend SMEEK”** - *“deur julle gebede tot God saam te stry vir my”*

**Efesiërs 6:18-20**

*“<sup>18</sup>Doen alles deur **gebed** en smeking. Laat die Gees julle elke keer in die **gebed** lei. Bly in alle omstandighede op julle hoede en **bid** vir almal wat aan God behoort. <sup>19</sup>**Bid** ook vir my, dat wanneer ek moet praat, woorde aan my gegee sal word om met vrymoedigheid die geheime plan van die Goeie Nuus bekend te maak. <sup>20</sup>As ambassadeur van hierdie Goeie Nuus is ek in boeie. **Bid** dat ek, soos dit hoort, die Goeie Nuus met vrymoedigheid sal verkondig.”*

**2. Twee dinge** wat Paulus **vra** vir voorbidding:

a) Bid “**sodat ek gered sal word van die ongelowiges in Judea**”.

Vandag steeds sterk teenstand - bid vir beskerming van predikers, geestelike leiers en sendelinge

b.) Paulus vra “**dat my diens aan Jerusalem vir die heiliges daar aanvaarbaar sal wees.**”

- meer as net ‘n geskenk/ finansiële bydrae; **in die regte gesindheid aanvaar** word.

**2 Kor. 9:12-13a** “Die bediening van hierdie hulp voorsien nie net in die behoeftes van die gelowiges in Jerusalem nie, maar word ’n stroom van danksegging teenoor God. <sup>13</sup>Deur hierdie diensbetoning sal hulle aan God die eer gee.”

3. Paulus vra **dat hulle sal bid vir die voortgang van sy bediening!**

4. **Hierdie gebed van Paulus is nie verhoor** soos wat hy gevra het nie. ‘n **Paar aspekte** noem:

a. gebed is **nie towerreseppies of rympies nie!**

**2 Kor. 12:1-10** - “doring in die vlees!”

b. Gebed gaan **oor ‘n verhouding**

## **Kleingroep Besprekingsvrae Week 3**

1. **Heet** almal **welkom**, maak seker almal ken mekaar.

2. Open met ‘n **GEBED**

3. **Sê**: “Ons is besig met ‘n reeks oor **GEBED**. Die **tema** is: “’n Lewe van Gebed is ‘n Lewe vol krag!”.

Ons gaan kyk na verskillende gebede wat Paulus vir gemeentes en gelowiges gebid het en wat ons daaruit kan leer.

Hierdie week kyk ons na die ernstige voorbidding wat Paulus vra vir homself en sy bediening. **Romeine 15:30-33**



4. **Gee geleentheid** vir groeplede om **te sê** watter verskil verlede week se boodskap en studie in hul (gebeds-)lewe gebring het.

5. **Lees** hardop (of iemand lees dit) **Romeine 15:23-33**

6. **Vra:** “*Wat het jou **getref** toe jy hierdie gedeelte gelees het of na Sondag se preek geluister het?*”

Gee geleentheid vir terugvoer en bespreking.

7. In **Rom 15:30** vra Paulus: “*Ek **smeek** julle dan **dringend**, broers, by ons Here Jesus Christus en die liefde van die Gees, om deur julle gebede tot God **saam te stry vir my**, ...*”

a. **Bespreek:** Wat doen ons gewoonlik wanneer iemand ons ernstig vra om vir hom/haar te bid?

b. Wie was die laaste persoon wat jou gevra het vir gebed? Het jy toe vir hom/haar gebid?

c. **Waarom** is dit **belangrik** om vir andere te bid?

8. Lees **Ef. 6: 18-20**. Gesels oor hoekom dit belangrik is om vir predikante, pastore, predikers en leiers te bid? (kyk hoeveel verskillende redes kan julle kry)

9. Daar is baie aanvalle op predikante en geestelike leiers vandag.

Hoe moet ons, as gelowiges dit hanteer?

10. Dit is dikwels vir mense moeilik om hulp van ander te ontvang of te aanvaar. Waarom is dit belangrik dat ons moet bid dat

Christene bereid moet wees om nie alleen mekaar te help nie, maar ook hulp van ander Christene te aanvaar en sien as hulp vanaf die Here?

Gesels hieroor. Deel ook jou persoonlike ervarings in die verband.

11. Hoe kan ons bid vir die “Voortgang van die bediening” hier in New Zealand en in die wêreld?

Wat druk die Here op jou hart om oor te bid?

12. Hierdie gebed van Paulus is nie beantwoord soos hy gevra het nie.

Wat leer dit jou oor GEBED?

Waarom word sommige gebede nie beantwoord soos wat ons gevra/ gebid het nie?

13. Vandag wil ons regtig VIR MEKAAR en ons LERAARS en PREDIKERS bid.

Draai 2-2 of 3-3 na mekaar. Of as julle op Zoom is, gee elkeen kans om vir iemand spesifiek in die groep en ‘n spesifieke leraar of prediker te bid.

Bid vir MEKAAR by die naam.

Bid vir ‘n spesifieke predikant of prediker of kerkleier.

As julle tyd het, kuier bietjie saam.

Onthou:

***“Gebed gaan ten diepste oor ‘n persoonlike verhouding met God. Dit is ‘n openhartige gesprek met jou hemelse Pappa.”***

---

## 4. Gebed vir geestelike groei.

---

**Skriflesing:** Kolossense 1:9-14

**Gebed** gaan oor 'n **persoonlike verhouding** met my hemelse Vader.

Paulus se begeerte in sy gebed vir die gelowiges van Kolossense en vir alle gelowiges is **dat hulle sal groei** in hulle persoonlike verhouding met hulle hemelse Vader en dat **hulle geestelik volwasse** sal wees!

### **Skriflesing: Kol 1:9-14 (NLV)**

*<sup>9</sup>Van die dag af wat ons dít oor julle gehoor het, hou ons daarom nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy geestelike wysheid en insig aan julle sal gee sodat julle heeltemal seker sal wees van wat Hy wil hê. <sup>10</sup>Ons bid ook dat julle leefstyl tot eer van die Here sal wees om Hom te behaag deurdat julle lewe vol goeie werke sal wees en dat julle God al hoe beter sal leer ken. <sup>11</sup>Ons bid dat Hy deur die krag van sy goddelike heerlijkheid julle sal toerus met al die krag wat julle nodig het om in alle omstandighede geduldig te volhard terwyl julle met blydschap <sup>12</sup>altyd die Vader dank dat Hy julle geskik gemaak het om in die erfenis van God se mense te deel, die erfenis wat wag vir mense wat volgens sy wil lewe. <sup>13</sup>Hy het ons verlos uit die mag van die duisternis en ons oorgebring onder die koningsheerskappy van sy geliefde Seun. <sup>14</sup>Deur die Seun het ons verlossing verkry, naamlik die vergewing van sonde.*

### **Hoe bid Paulus vir die gelowiges se geestelike groei?:**

**1. Paulus bid vir gelowiges al het hy hulle nog nooit persoonlik ontmoet nie.**

**Kol 1:8-9** Dit is Hy (Epafras) wat ons vertel het..  
*Van die dag af wat ons dit oor julle gehoor het...*

## **2. Paulus bid gereeld vir die gelowiges.**

**Kol 1:9** *Van die dag af wat ons dít oor julle gehoor het, hou ons daarom nie op om vir julle te bid nie.*

## **3. Paulus dank God en vra God vir tekens van Sy genade in die lewens van die gelowiges.**

**Kol 1:4-5** *want ons het gehoor dat julle in Christus Jesus glo en van julle liefde vir al God se mense. <sup>5</sup>Julle doen dit omdat julle hoop om dit te ontvang wat in die hemel vir julle gereed lê.*

## **Wat bid Paulus vir die gelowiges sodat hulle geestelike sal groei?:**

### **1. Paulus vra dat hulle geestelike wysheid en insig sal hê om God se wil te ken.**

**Kol 1:9** *Ons vra God dat Hy geestelike wysheid en insig aan julle sal gee sodat julle heeltemal seker sal wees van wat Hy wil hê.*

### **2. Paulus vra dat hulle leefstyl tot eer van die Here sal wees.**

**Kol 1:10** *Ons bid ook dat julle leefstyl tot eer van die Here sal wees*

## **Paulus sê vir ons hoe ons tot eer van die Here moet leef:**

### **A. Deur ons lewe te wy aan goeie werke.**

**Kol 1:10b** *Ons bid ook dat julle leefstyl tot eer van die Here sal wees om Hom te behaag deurdat julle lewe vol goeie werke sal wees*

**Ef 2:10** *Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe.*

### **B. Deur te groei in ons kennis van God.**

**Ps. 143:10** *Leer my om u wil te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei op 'n pad wat gelyk is.*

**Johannes 7:17** *As iemand gewillig is om God se wil te doen, sal hy weet of dié onderrig van God afkomstig is en of Ek uit my eie praat.*

### **C. Deur met geduld te volhard.**

**Kol 1:11** *Ons bid dat Hy deur die krag van sy goddelike heerlijkheid julle sal toerus met al die krag wat julle nodig het om in alle omstandighede geduldig te volhard...*

**Fil 4:12-13** *12Ek weet wat dit is om boonskraap te lewe, en ek weet wat dit is om oorvloed te hê. Ek het lewenservaring opgedoen vir alle omstandighede, vir wanneer ek genoeg het om te eet én wanneer ek honger is, vir oorvloed én tekort. 13Ek kan alles doen deur Hom wat my krag gee.*

### **D. Om met blydschap God te dank.**

**Kol 1:12-13** ***terwyl julle met blydschap** 12altdie **die Vader dank dat Hy julle geskik gemaak het om in die erfenis van God se mense te deel**, die erfenis wat wag vir mense wat volgens sy wil lewe. 13Hy het ons verlos uit die mag van die duisternis en ons oorgebring onder die koningsheerskappy van sy geliefde Seun. 14Deur die Seun het ons verlossing verkry, naamlik die vergewing van sonde*

Paulus se **bediening** en **gebed** vir die gelowiges is dieselfde:

**“So wil ons graag elke mens in ’n volmaakte verhouding met Christus voor God laat staan.” (Kolossense 1:28)**

## **Kleingroep Besprekingsvrae Week 4**

1. **Heet** almal **welkom**, maak seker almal ken mekaar.
2. Open met ‘n **GEBED**

3. **Sê:** “Ons is besig met ‘n reeks oor **GEBED**. Die **tema** is: “‘n Lewe van Gebed is ‘n Lewe vol krag!”.

Ons gaan kyk na verskillende gebede wat Paulus vir gemeentes en gelowiges gebid het en wat ons daaruit kan leer.

Hierdie week kyk ons na Paulus se gebed vir die gemeente in **Kolossense 1:3-14**. ‘n gebed vir geestelike groei

4. **Gee geleentheid** vir groeplede om **te sê** watter verskil verlede week se boodskap en studie in hul (gebeds-)lewe gebring het.

5. **Lees** hardop (of iemand lees dit) **Kolossense 1:3-14**

6. **Vra:** “*Wat het jou **getref** toe jy hierdie gedeelte gelees het of na Sondag se preek geluister het?*”

Gee geleentheid vir terugvoer en bespreking.

7. Volgens **Kol 1:4; 1:7** kan ons aflei dat Paulus nog nie die gelowiges persoonlik ontmoet het nie, Epafras het die gemeente in Kolosse gestig. Tog het Paulus ‘n diep behoefte om vir hierdie gelowiges te bid.

**Besprek:** Is daar plek in jou gebede om vir gelowiges te bid wat jy nog nooit persoonlik ontmoet het nie? Wat kan jy doen om in hierdie area van jou gebedslewe te groei?

8. Paulus skryf in **Kol 1:9** “*Van die dag af wat ons dít oor julle gehoor het, hou ons daarom nie op om vir julle te bid nie.*”

**Besprek:** Wat is van die kern dinge wat ons vir onself, ons familie, ons gemeente gereeld moet bid?

9. In **Kol 1:9b** lees ons dat Paulus vir die gelowiges ingetree het met gebed omdat Hy gehoor het hoe God in hulle lewens gewerk het. Spesifiek hulle geloof (v.4), hulle liefde (v.4 + v.8) en hulle hoop (v.5).

**Bespreek:** Bid jy met dieselfde intensiteit vir mense wanneer jy geestelike vordering in hulle lewens sien as wat jy doen wanneer daar krisis is? Wat sal jy sê is die rede hiervoor en hoekom is beide belangrik?

10. **Paulus bid** dat God vir **die gelowiges** in Kolossense: *“geestelike wysheid en insig sal gee sodat hulle heeltemal seker sal wees van wat God wil hê” (sien v.9b)*

**Bespreek: a)** Hoekom bid Paulus spesifiek vir geestelike wysheid en insig? Hoekom nie net wysheid en insig nie?

**b) Lees Kol 2:16-18, Kol 2:21-23,** Hoekom is hierdie gebed so noodsaaklik vir die gemeente aan wie Paulus skryf en vir ons vandag?

**11.** In **v.10** bid Paulus dat die gelowiges se leefstyl tot eer van die Here sal wees en in **v.11-14** sê Hy vir ons wat dit beteken om tot eer van die Here te leef naamlik:

**a)** om ons lewe te wy aan goeie werke (v.10a)

**b)** om te groei in ons kennis van God (v.10b)

**c)** om deur God se krag geduldig te volhard (v.11)

**d)** om God met blydschap te dank (v.11b-v.14)

**Bespreek:** Watter area het jy nodig om ‘n saak van gebed te maak in jou eie lewe?

Sluit die bespreking af deur **2-2** of **3-3** vir mekaar te bid vir geestelike groei! Spesifiek in die lig van wat in vraag 11 bespreek was!

Onthou:

***“Gebed gaan ten diepste oor ‘n persoonlike verhouding met God. Dit is ‘n openhartige gesprek met jou hemelse Pappa.”***

---

## 5. Hoe bid ons sodat ons God se krag sal ken?

---

**Skriflesing:** Efesiërs 1:15-23

**Die gemeente in Efese** was in 'n **baie bevoorregte** posisie. Paulus het daar vir 'n tydperk van 3 jaar **gepreek** en **bedien**. Die Here het **baie wondere** deur Paulus gedoen en die **Woord van die Here** het kragtig gegroei!

**Die gemeente** in Efese het ook **baie uitdagings** gehad. **Afgod aanbidding** was **beoefen** deur baie. Gelowiges was onder groot **sosiale en finansiële druk** om ook **die Keiser** te aanbid!

In lig hiervan bid Paulus vir die gelowiges:

**Skriflesing: Ef 1:15-23<sup>(NLV)</sup>**

*<sup>15</sup>Die nuus dat julle in die Here Jesus glo en liefde aan al God se mense bewys, maak dat ook ek <sup>16</sup>nie ophou om God vir julle te dank nie. Ek dink aan julle in my gebede en vra <sup>17</sup>dat die God van ons Here Jesus Christus – die Vader aan wie al die heerlijkheid behoort – aan julle geestelike wysheid en insig sal gee deurdat julle Hom persoonlik ken. <sup>18</sup>Mag God julle harte so verlig dat julle sal insien watter wonderlike vooruitsig sy roeping inhou. Mag julle insien hoe 'n ryk heerlijkheid dit is dat God sy eie mense vir Hom as 'n erfdeel verkry het. <sup>19</sup>Mag julle insien hoe enorm groot die krag is wat God gebruik vir ons wat glo. Dieselfde magtige sterkte was ook aan die werk <sup>20</sup>toe God Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het. <sup>21</sup>Nou is Christus hoog verhewe bo elke owerheid en gesag en krag en heerskappy, ja, elke noemenswaardige instansie, nie net in hierdie wêreld nie, maar ook in die wêreld wat kom. <sup>22</sup>God het alle dinge onder sy beheer gestel en Hom ook as Hoof van alles aan die kerk gegee. <sup>23</sup>Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in elke opsig met sy teenwoordigheid vul.*



Paulus **dank God** vir die **tekens van genade** in hulle lewens en **bid** vir die gelowiges **in die lig van alles** wat God vir hulle gedoen het in **Ef 1:3-14**. Sy begeerte is dat God **die oë van hulle harte sal verlig** sodat hulle **met helderheid sal sien wat waar van hulle** is in Christus!

**Paulus bid dat God die oë van hulle harte sal verlig sodat:**

**1. Hulle God al hoe beter sal leer ken.**

*Ef. 1:17 dat die God van ons Here Jesus Christus – die Vader aan wie al die heerlijkheid behoort – aan julle geestelike wysheid en insig sal gee deurdat julle Hom persoonlik ken.*

*1 Kor. 2:14-15 Die natuurlike mens kan nie hierdie waarhede toe-eien wat van die Gees van God kom nie. Dit klink vir hulle onsinnig. Hulle kan dit nie verstaan nie, want hierdie dinge moet vanuit 'n geestelike perspektief verstaan word. <sup>15</sup>Ons in wie die Gees is, verstaan al hierdie dinge.*

**2. Hulle sal besef hoe wonderlik hulle hoop is.**

*Ef. 1:18 Mag God julle harte so verlig dat julle sal insien watter wonderlike vooruitsig sy roeping inhou.*

*Rom. 5:2 Deur Jesus Christus het ons, deurdat ons glo, toegang verkry tot hierdie heerlike posisie van genade waarin ons ons nou bevind, en ons jubel vol verwagting oor die heerlijkheid wat God aan ons gaan gee.*

Omdat **God ons geroep het** en omdat **ons hoop het** verander dit hoe ons nou leef!

*Ef. 4:1 Leef 'n lewe wat pas by die waardigheid van die roeping waarmee julle geroep is.*

**3. Dat hulle God se krag sal ken.**

*Ef. 1:19 Mag julle insien hoe enorm groot die krag is wat God gebruik vir ons wat glo.*

***Waarin bestaan God se krag?***

## **A. In die opstanding van Christus**

**Ef 1:19-20** *Dieselfde magtige sterkte was ook aan die werk 20 toe God Christus uit die dood opgewek het...*

**Ef 3:20** *Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra.*

## **B. In Jesus se heerskappy oor alles.**

**Ef 1:20** *en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het.*

**Matt 28:18** *“God het die volle mag oor hemel en aarde aan My toevertrou.”*

**Ef 1:20-21** *Christus is hoog verhewe bo elke owerheid en gesag en krag en heerskappy, ja, elke noemenswaardige instansie, nie net in hierdie wêreld nie, maar ook in die wêreld wat kom.*

## **C. In Jesus se heerskappy vir Sy kerk.**

**Ef 1:22-23** *God het alle dinge onder sy beheer gestel en Hom ook as Hoof van alles aan die kerk gegee. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in elke opsig met sy teenwoordigheid vul.*

**Ef 5:29-30** *'n Mens haat mos nie jou liggaam nie, maar voed en versorg dit. Christus maak net so met ons, die kerk, omdat ons ledemate van sy liggaam is.*

**Die kerk is vir God ontsettend kosbaar en spesiaal!**

## **Kleingroep Besprekingsvrae Week 5**

1. **Heet** almal **welkom**, maak seker almal ken mekaar.

2. Open met 'n **GEBED**

3. **Sê**: “Ons is besig met 'n reeks oor **GEBED**. Die **tema** is: “'n Lewe van Gebed is 'n Lewe vol krag!”

Ons gaan kyk na verskillende gebede wat Paulus vir gemeentes en gelowiges gebid het en wat ons daaruit kan leer. Hierdie week kyk ons na Paulus se gebed vir die gemeente in **Efese**. Paulus

se gebed dat God die oë van die gelowiges se harte sal verlig sodat hulle kan **sien wat Jesus vir hulle moontlik gemaak** het en sodat hulle **God se krag** sal ken.

4. **Gee geleentheid** vir groeplede om **te sê** watter verskil verlede week se boodskap en studie in hul (gebeds-) lewe gebring het.

5. **Lees** hardop (of iemand lees dit) **Efesiërs 1:15-23**.

6. **Vra:** “*Wat het jou **getref** toe jy hierdie gedeelte gelees het of na Sondag se preek geluister het?*”

Gee geleentheid vir terugvoer en bespreking.

7. **Lees** Esegïel 36:26, Spreuke 4:23, Matteus 15:18-20. Vir die Jode was die hart die sentrum van die mens se wil en emosies. **Bespreek:** In lig hiervan, stel in jou eie woorde wat beteken dit dat *Paulus bid dat God ons harte sal verlig of die oë van ons harte sal oop maak* om te sien? Wat beteken dit prakties vir ons gebedslewe?

8. Paulus se eerste gebedsversoek is dat God vir gelowiges **geestelike wysheid** en **insig (openbaring)** sal gee sodat hulle Hom beter sal ken.

**Bespreek:**

a. Hoekom bid Paulus heel eerste vir dit?

b. Hoekom het ons **geestelike wysheid** en **insig (openbaring)** nodig om God beter te leer ken? Wat is die Heilige Gees se rol in die proses (sien 1 Kor 2:12-13)

c. Wat is **die praktiese implikasie** hiervan vir ons **gebedslewe** en ons wandel met God?

9. In **Ef. 1:18** bid Paulus dat die gelowiges sal insien watter wonderlike vooruitsig (hoop) sy roeping inhou.

## **Bespreek:**

**a.** Lees **Rom 8:28-30**. Wat beteken God se roeping in die lewe van gelowiges? Hoe hou dit verband met ons toekomstige hoop (ons hoop vir die ewigheid)?

**b.** In lig van **Efesiërs 4:1**, hoekom dink jy is dit belangrik om 'n duidelike visie van ons roeping en hoop te hê?

10. In Ef. 1:19-23 bid Paulus dat die gelowiges God se krag sal ken.

## **Bespreek:**

**a)** Waaraan dink jy gewoonlik wanneer jy oor God se krag dink? Hoe is Paulus se beskrywing van God se krag dieselfde/anders as wat jy dink?

**b)** In **Ef. 1:20** beskryf Paulus God se krag wat in die lewens van gelowiges werk, as dieselfde krag wat aan die werk was toe Hy Jesus uit die dood opgewek het. En in **Fil. 3:20** sê Paulus dit is sy wens om meer van die krag te ken. Hoekom dink jy bid Paulus dat die gelowiges hierdie krag sal ken? Wat sal in ons lewens gebeur as ons werklik die krag ken?

**c)** In **v.20-21** sê Paulus God **het vir Christus aangestel bo elke gesag, krag en heerskappy**. Hoe beïnvloed hierdie wete hoe jy dink oor die wêreld en oor die bose magte wat in die wêreld aan die werk is?

**d)** Lees **Ef. 1:22-23**. Hoe verstaan jy die kerk se posisie en rol in die wêreld? Hoe moedig Paulus gelowiges aan om te dink en te bid oor die kerk?

Sluit die bespreking af deur **2-2** of **3-3** vir mekaar se behoeftes te bid en bid spesifiek dat dit wat Paulus hier skryf al hoe meer waar sal word in ons lewens!

***“Gebed gaan ten diepste oor ‘n persoonlike verhouding met God. Dit is ‘n openhartige gesprek met jou hemelse Pappa.”***

---

## 6. Hoe bid ons sodat ons God se liefde sal ken?

---

**Skriflesing:** Efesiërs 3:14-21

**Stil word** voor die Here:

*“<sup>9</sup> Ek bid dat julle liefde vir mekaar meer en meer sal word deurdat julle ’n al beter begrip en ’n fyn aanvoeling ontwikkel.  
<sup>10</sup> Dit sal julle in staat stel om dié dinge te onderskei wat regtig saak maak. Dit sal julle ook help om skoon en onberispelik te lewe tot op die dag wanneer Christus terugkom.” (Fil. 1:9-10)*

**Skriflesing: Efesiërs 3:14-21.**

*<sup>14</sup> Daarom kniel ek voor die Vader. <sup>15</sup> Hy is die Vader van elke gemeenskap in die hemel en op die aarde. <sup>16</sup> Mag Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy Goddelike grootheid aan julle die krag gee om innerlik sterk te word. <sup>17</sup> Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, en sal julle in God se liefde gewortel en gegrondves wees. <sup>18</sup> Mag julle in staat wees om saam met al God se mense te begryp hoe breed en lank en hoe hoog en diep sy liefde is. <sup>19</sup> Dan sal julle Christus se liefde, wat alle verstand te bowe gaan, beleef. Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word.*

*<sup>20</sup> Hy moet geprys word – Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra. <sup>21</sup> Die kerk wat aan Christus Jesus verbind is, moet Hom prys deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid! Amen.*

‘n Gebed om <b>KRAG</b> .
---------------------------

**Fil. 4:13** (83) “*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*”

**Ef. 6:10** (83) “*Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.*”

**Fil. 2: 13** “*...want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.*”

## **KRAG** vir watter **doel**?

**Ef. 3:16** “Mag Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy Goddelike grootheid aan julle die krag gee **om innerlik sterk te word.**”

**2 Kor. 4:16** (2021 vertaling) “Daarom gee ons nie moed op nie, want selfs al vergaan ons uiterlike mens, word ons **innerlike mens** van dag tot dag vernuwe.”

Die **doel** van die gebed vir KRAG om innerlik sterk te word:

**Ef. 3:17** “Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, **en** sal julle in God se liefde gewortel en gegrondves wees.”

**Joh. 3:16** “God het die mensdom só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.”

**Liefde** behoort die belangrikste kenmerk van ‘n gelowige se lewe te wees.

**Liefde** vir mekaar is die waarmerk dat ons werklik kinders van God is.

**Liefde** is alles en sonder liefde, is ek niks! (**1 Kor. 13:2** “En al sou ek die gawe van profesie hê, en sou ek alle geheime kon ontrafel, en al die kennis ter wêreld hê, en al sou ek genoeg geloof hê om berge te verskuif, maar ek kom die liefde kort, sou ek ’n ronde nul wees.”)

Paulus bid dat God die **menslik onmoontlike** vir die gelowiges sal doen!

**Ef. 3:18-19** “Mag julle in staat wees om saam met al God se mense te begryp hoe breed en lank en hoe hoog en diep sy liefde is. <sup>19</sup> Dan sal julle Christus se liefde, wat alle verstand te

*bowe gaan, beleef. Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word.”*

Die woord vir **ken**, beteken ‘n baie intieme, persoonlike, ervarings-kennis!

**Paradoks:** om Christus se liefde **wat alle kennis te bowe gaan, te ken!**

**Ef. 3:19b** “*Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word.”*

**Ef. 3:20** “*Hy moet geprys word – Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra.”*

## Kleingroep Besprekingsvrae Week 6

1. **Heet** almal **welkom**, maak seker almal ken mekaar.

2. Open met ‘n **GEBED**

3. **Sê:** “Ons is besig met ‘n reeks oor **GEBED**.”

Die **tema** is: “**’n Lewe van Gebed is ‘n Lewe vol krag!**”.

Ons kyk na verskillende gebede wat Paulus vir gemeentes en gelowiges gebid het en wat ons daaruit kan leer.

Hierdie week kyk ons na Paulus se gebed vir die gemeente in **Efese** opgeteken in Efesiërs 3. Paulus se gebed is dat God hulle besondere krag sal gee.

4. **Gee geleentheid** vir groeplede om **te sê** watter verskil verlede week se boodskap en studie in hul (gebeds-)lewe gebring het.

5. **Lees** hardop (of iemand lees dit) **Efesiërs 3:14-21**.

6. **Vra:** “Wat het jou **getref** toe jy hierdie gedeelte gelees het of na Sondag se preek geluister het?”

Gee geleentheid vir terugvoer en bespreking.

7. “Het jy al gevoel dat daar soveel goed is wat jy graag wil doen, of wil ophou doen of verander in jou lewe, maar jy kry dit net nie reg nie?”

Deel met mekaar.

In die preek is gesê dat ons in onself dikwels so kragteloos is om dit te doen wat ons weet reg is en wat ons graag wil doen:

**Lees: Fil. 3:14, Ef. 6:10 en Fil. 2:13.**

*Wat leer jy uit hierdie verse oor hoe dit wel moontlik is om die skynbaar onmoontlike te doen en om te doen wat God van my vra?*

Bespreek dit met mekaar en hoe **JY** dit ervaar.

6. In die preek is gesê:

**Liefde** behoort die belangrikste kenmerk van ‘n gelowige se lewe te wees

**Liefde** vir mekaar is die waarmerk dat ons werklik kinders van God is **Liefde** is alles en sonder liefde, is ek niks! (**1 Kor. 13:2** “En al sou ek die gawe van profesie hê, en sou ek alle geheime kon ontrafel, en al die kennis ter wêreld hê, en al sou ek genoeg geloof hê om berge te verskuif, maar ek kom die liefde kort, sou ek ’n ronde nul wees.”)

i. Stem jy saam?

ii. Hoe maak ek dit waar in my gesin, in die kleingroep, in die gemeente?

7. Paulus bid dat God die **menslik onmoontlike** vir die gelowiges sal doen! – **Wat is dit?**



Lees: **Ef. 3:18-19** “*Mag julle in staat wees om saam met al God se mense te begryp hoe breed en lank en hoe hoog en diep sy liefde is. <sup>19</sup> Dan sal julle Christus se liefde, wat alle verstand te bowe gaan, beleef. Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word.*”

i. Bespreek waarom dit vir ons **onmoontlik** is om God se liefde regtig te verstaan, ken en ten volle te ervaar?

ii. Gesels dan oor hoekom dit **belangrik** is dat God ons wel in staat stel om Sy liefde te ken en te ervaar?

iii. Hoe verander dit ons lewens wanneer ons begin om God se liefde vir ons te verstaan en ervaar?

8. Lees **Ef. 3:20** “*Hy moet geprys word – Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra.*”

i. Wat sê dit vir jou oor alles waaroor julle vandag gesels het?

ii. Wat sê dit vir jou oor die moontlikheid dat jy werklik God se liefde beter sal verstaan en ervaar as jy dit van Hom vra?

Sluit die bespreking af deur **2-2** of **3-3** vir mekaar se behoeftes te **bid** en **bid** spesifiek dat jy en elkeen in die groep en die gemeente krag van God sal ontvang om Sy liefde al hoe beter te leer ken en dieper en meer te ervaar!

Onthou:

***“Hy moet geprys word – Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra.”***

---

## 7. Gebed om eenheid: Jesus se gebed

---

### Skriflesing: Johannes 17:20-26

<sup>20</sup>“Ek bid egter nie net vir hulle (dissipels) nie, maar ook vir dié wat op grond van hulle boodskap nog in My sal glo. <sup>21</sup>Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in ’n hegte verhouding met My en Ek met U is; dat hulle ook in ’n hegte verhouding met Ons mag leef sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. <sup>22</sup>En Ek het die heerlikheid wat U aan My gegee het, ook aan hulle gegee sodat hulle een kan wees net soos Ons een is. <sup>23</sup>Dit beteken dat Ek in ’n hegte verhouding met hulle en U met My moet leef, sodat hulle ten volle een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en dat U hulle liefhet net soos U My liefhet.

<sup>24</sup>“Vader, Ek wil graag hê dat dié mense wat U aan My gegee het, ook saam met My moet wees waar Ek is sodat hulle my heerlikheid kan sien, dié heerlikheid wat U aan My gegee het omdat U My voor die skepping van die wêreld liefgehad het.

<sup>25</sup>“Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U en hulle hier weet dat U My gestuur het. <sup>26</sup>Ek het u Naam aan hulle bekendgemaak en Ek sal dit nog verder bekendmaak sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle mag leef en Ek ook in ’n hegte verhouding met hulle mag leef.”

### Waarom is hierdie eenheid so belangrik?

Die eenheid van die kerk word **begron**d in die **eenheid van God**. Die eenheid van die kerk is 'n eenheid van liefde, roeping en getuienis.

Op grond van die eenheid sal die wêreld kan glo dat God die Vader Jesus gestuur het.

### Jesus se gebed

Jesus bid in Johannes 17 vir:

- **Homself** en Sy werk wat Hy afhandel (v.1-5).
- **Sy dissipels** (v.6-8).
- Die nood en behoeftes van die **dissipels** (v.9-19).
- Die **toekomstige kerk** (v20-26).

Dit is 'n gebed om eenheid, sodat die kerk se **getuienis** effektief sal wees. Jesus bid dat die **liefde** van die Vader, ook in die dissipels sal wees.

Jesus bid dat die kerk sy heerlike bestemming sal bereik.

Die **kerk** is Jesus-volgeling wat **gekenmerk** moet word:

(a) deur 'n **eendragtige navolging** van Jesus.

(b) deur opregte **liefde** wat uitloop op **diens**.

(c) deur hulle eenheid en liefde as **getuienis** na buite.

**Omdat** die kerk een is,

sal die wêreld **glo** dat God nuwe lewe moontlik maak.

Die wêreld kan net **glo** wat hulle by die kerk **sien**.

Jesus bid dat die kerk **één** sal wees **sodat** die wêreld kan **sien** (17:24), **glo** (17:21) en **weet** (17:23).

**Kol. 3:11** *“In hierdie nuwe lewe is daar nie langer sprake van Griek of Jood, besny of onbesny, ongecultiveerd, barbaars, slaaf of vry man nie. Al wat saak maak, is Christus wat alles in elkeen is.”*

### **Een of eenders?**

Eenheid is nie eendersheid nie, maar eenheid te midde van verskeidenheid.

Die eenheid in liefde en diens, toon juis die wonderbaarlike krag van God.

### **Eenheid wat deel in Jesus se heerlikheid.**

Die eenheid tussen gelowiges is so geloofwaardig en kragtig, **want dan** sal die wêreld weet en glo.

**Joh. 12:23** *“Jesus reageer toe daarop: “Die uur het aangebreek dat Ek, die Seun van die Mens, verheerlik moet word.”*

**Joh. 17:22** *“En Ek het die heerlikheid wat U aan My gegee het, ook aan hulle gegee sodat hulle een kan wees net soos Ons een is.”*

## **Verstom oor die eenheid.**

Sosioloë soos **Rodney Stark** verbind die vinnige groei van die vroeë kerk aan die liefde en diens wat uit Jesus se gebed voortspruit:

- Christene het alle siekes versorg tydens groot plaë in die Romeinse Ryk.
- Kerke het mense uit alle groepe, selfs vyande, in die kerk opgeneem en van Jesus se liefde en diens geleer. (Samelewings is veiliger gemaak.)
- Vroue en kinders is gerespekteer, en as volwaardige lede van die gemeente hanteer. Omdat die waarde van vroue in die Christelike kerk hoër geag was, het die kerk groter groei- en daadkrag gehad as die omliggende samelewing wat vroue geminag en onderdruk het.
- Christene het ook al hulle kinders grootgemaak.

Christene se diens en toewyding het dikwels hulle hul lewe gekos.

Hulle eenheid in liefde en diens, was 'n kragtige getuïenis.

## **Kleingroep Besprekingsvrae Week 7**

1. **Heet** almal **welkom**, maak seker almal ken mekaar.
2. Open met 'n **GEBED**
3. **Sê**: “Ons sluit die reeks oor **GEBED** af met hierdie gedeelte. Ons het na verskillende gebede wat Paulus vir gemeentes en gelowiges gebid het, gekyk en gesien wat ons daaruit kan leer. Hierdie week kyk ons na 'n gedeelte van **JESUS** se gebed vir die kerk en alle gelowiges.
4. **Gee geleentheid** vir groeplede om **te sê** watter verskil verlede week se boodskap en studie in hul (gebeds-)lewe gebring het.

5. **Sê:** “Voordat ons lees; Hierdie is ‘n belangrike gebed van Jesus wat Hy gebid het die aand voordat Hy gekruisig is. In hierdie gebed bid Jesus spesifiek vir Sy dissipels, maar vanaf vers 20 bid Hy vir die gelowiges wat na die dissipels sal kom. Dit is dus vir die kerk en gelowiges van alle tye. Jesus bid hierdie spesifieke gedeelte van die gebed spesifiek ook vir ONS. Kom ons luister mooi daarna en hoor wat Jesus presies vir ons bid: **Lees** hardop (of iemand lees dit) **Johannes 17: 20-26**.”

6. **Vra:** “Wat het jou **getref** toe jy hierdie gedeelte gelees het of na Sondag se preek geluister het?”  
Gee geleentheid vir terugvoer en bespreking.

7. Wat bid Jesus spesifiek vir die gelowiges (vir ons)?  
Gesels daaroor en sê hoe jy dit verstaan en wat dit vir jou beteken?

8. Wat is die begroning / motivering wat Jesus gee waarom Christene en die kerk/gemeente ‘n eenheid moet wees?

Kyk veral na vers 21 en 22.

9. Wat sal die GEVOLG /resultaat wees as die kerk/gemeente/gelowiges werklik hulle eenheid utoelief en die wêreld dit kan sien?

Vers 21b:

Vers 23b:

10 Beteken eenheid dat almal dieselfde moet dink en voel?  
Kan mense wat ook radikaal van mekaar verskil, eenheid beleef?  
Hoe?

**Lees Kol 3: 11.** Wat is die sleutel /geheim?

11. Hoe gaan ons, as Christene, **ANDERS** optree, reageer en mense behandel as wat die wêreld (samelewing) dit doen? Gesels hieroor.

Watter verskil maak die feit dat ek aan Jesus behoort en weet hoe belangrik die eenheid van gelowiges en die kerk vir God is, aan hoe ek gaan praat, optree en reageer wanneer ek van ander verskil?

12. Gee groeplede geleentheid om te gesels oor hoe ons **eenheid** as Christene 'n kragtige **getuienis** in 'n stukkende wêreld vol vrees en seer is.

13. Gee geleentheid vir gebedsversoeke en **bid** dan vir mekaar. **Bid** ook vir die gemeente en die leiers en leraars. **Bid** ook vir die regering en die nood van soveel mense wat deur krisis gaan.